Dinsdag 23 Junie
Skrifgedeelte: Filippense 2:12-18
Fokusgedeelte: Filippense 2:13

## God se Gees laat ons as ligdraers optree

In hierdie gedeelte roep Paulus die gelowiges op om hulle verlossing "met vrees en bewing" uit te werk. Dis nie omdat hulle hul eie redding moet bewerkstellig nie – dit het Christus reeds aan die kruis volbring – maar omdat die nuwe lewe wat God in ons begin het, nou prakties uitgeleef moet word. Hierdie roeping is nie 'n menslike prestasie nie, maar 'n genadige proses waarin God self in ons werk.

Vers 13 is 'n kragtige ankerpunt: *"… want dit is God wat in julle werk om te wil en te doen …"* God gee nie net die opdrag nie; Hy gee ook die wil en die krag om dit uit te voer. Deur sy Heilige Gees vorm Hy ons harte en versterk Hy ons om anders te leef – soos ligte in 'n donker wêreld.

Wanneer Paulus dan sê: *"Laat julle lig skyn soos sterre in die heelal"* (vs 15), wys hy op die doel van God se werk in ons: dat ons die wêreld met die lig van Christus sal tref. Ons is nie self die bron van die lig nie – Christus is – maar soos die maan die son weerkaats, so dra ons die lig van die evangelie na ander toe. En hoe doen ons dit? Deur alles sonder murmurering of twis te doen, deur vas te hou aan die Woord van die lewe, en deur 'n lewe van gehoorsaamheid en opoffering.

Die wêreld is vol donkerheid van selfsugtigheid, verdeeldheid en hopeloosheid, maar God se kinders skyn as hemelligte, nie omdat hulle beter is nie, maar omdat God self in hulle werk. Sy Gees vul ons met geloof, volharding en liefde. En só bring ons lewe en hoop waar daar duisternis is.

*Sing: Psalm 8-1:1, 2, 3*

*Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*